Wes-en-Suid-Kaap: Martin Heyns en Eddie Orsmond.
Oos-Kaap: Johan van Niekerk en Johan Esterhuysen.
Noord-Kaap: Gerhard Mahne en Pieter Roux du Toit.
Natal: Lourens Schoeman en SW Scott.
Oranje-Vrystaat: Rikus van Zyl en Koos Robb.
Wes-Transvaal: Anton Mocke en Jurie Wessels.
Noord-Transvaal: Dion van Dyk en Peter Bolink.
Suid-Transvaal: Paul du Plessis en Cobus Rossouw.
Oos-Transvaal: Piet Meiring en Danie Dreyer.
Namibië: Marieta Grobler en Thijs vd Merwe.

Ampshalwe: Sinodale amptenare vir DvB: Dawie Theron (PASD), Gideon van der Watt (PASD), Willie van der Merwe, Botha van Aarde, Willem Botha, Roelf Lindeque, Gerrit Cloete en Jan Liebenberg
Ander: Amanda de Lange.
Sameroeper: Piet Meiring.
Vergaderplek: Onder verhoog.

11.2.2.4 GEMEENTE-EN-BEDIENINGE

Wes-en-Suid-Kaap: Jannie le Roux en Breda Ludik.
Oos-Kaap: Wicus Wait en Johan Enslin.
Noord-Kaap: Leon Forsman en Louwtjie Louw.
Natal: Gawie van Jaarsveld en Ferdinand van Niekerk (sek: Gerhard de Lange).
Oranje-Vrystaat: Pieter van Jaarsveld en Johan van Rensburg.
Wes-Transvaal: Frik Smith en Heinrich Viljoen.
Noord-Transvaal: Martin Lazenby en Malan Nel.
Suid-Transvaal: Giel Roux en André Ströh.
Oos-Transvaal: Gerrie Doyer en Jan Bisschoff.
Namibië: Johannes Maritz en Fanus Hansen
Ander: Mollie Kemp en André Barlow
Ampshalwe: Louis Dressel (PASD),
Sameroeper: Martin Lazenby
Vergaderplek: Sitkamer MS Pienaar.

11.2.2.5 FONDSE

Wes-en-Suid-Kaap: Monty Sahd en Francois Cillié.
Oos-Kaap: Christo van Heerden en Jan Viljoen.
Noord-Kaap: FD Hugo en Hansie Roelofse.
Natal: Frans Kloppers en Ben van Dyk.
Oranje-Vrystaat: Bobbie Scherrer en Piet Coetzer.
Wes-Transvaal: Nico van Rensburg en Jacie van Rensburg.
Noord-Transvaal: Johan Voges en Johan Kruger.
Suid-Transvaal: Dries Niemandt en Dawid Venter.
Oos-Transvaal: Lemmer Venter en Jan Liebenberg.
Namibië: Albie Basson en Clem Marais.
Ander: Gerhard Potgieter.
Sameroeper: Bobbie Scherrer
Vergaderplek: Restourant.

11.2.2.6 LEER EN AKTUELE SAKE

Wes-en-Suid-Kaap: Ben du Toit.
Oos-Kaap: Danie Mouton.
Noord-Kaap: Coenie Jacobs.
Natal: Heinrich Theunissen.
Oranje-Vrystaat: Marius Terblanche.
Wes-Transvaal: Andries Kritzinger.
Noord-Transvaal: James Kirkpatrick.
Suid-Transvaal: André Bartlett.
Oos-Transvaal: Johan Marais.
Namibië: Rudolf Smit.
Ander: Hermie van Zyl en Conrad Wethmar.
Ampshalwe: Willie Botha (PASD).
Sameroeper: André Bartlett.
Vergaderplek: Eetkamer MS Pienaar.

11.2.2.7 REGSKOMMISSIE

Wes-en-Suid-Kaap: Hannes Theron.
Oos-Kaap: Schalk du Toit.
Noord-Kaap: Sias Vogel.
Natal: Frikkie van der Merwe.
Oranje-Vrystaat: Manie Kleynhans.
Wes-Transvaal: Jasper Louw (sek: Henk Fourie).
Noord-Transvaal: Gerrit Cloete.
Suid-Transvaal: Hannes Windell.
Oos-Transvaal: Jan Wandrag.
Namibië: Hennie Grobler.
Ander: Flip du Toit en Piet Strauss.
Aktuarius: Pieter Coertzen.
Sameroeper: Pieter Coertzen.
Vergaderplek: Tarentaalgebou

11.2.2.8 *ONTWERPSPAN*

Algemene Sekretaris, Coenie Burger, Lourens Erasmus, Kobus Gerber, Quintus Heine, Johan Herholdt, Smuts J van Rensburg, Hannes Koornhof, Malinda Lazenby, Breda Ludik, Frederick Marais, Nelus Niemandt, Monty Sahd, Charl Stander, Ester Steyn, Johann Symington, Hannes Theron en Chris van Wyk.
Sameroeper: Chris van Wyk
Vergaderplek: Tarentaalsaal.

11.2.3 Vooraf-vergaderings van Tydelike Kommissies

Die kommissie beveel aan dat slegs die Tydelike Regskommissie vanaf Saterdag 9 Oktober 2004 vergader. Al die ander tydelike kommissies hoef nie vooraf bymekaar te kom nie en kan hulle werk tydens die sinodesitting afhandel. Die Ontwerpspan kom reeds op Vrydag 8 Oktober 2004 bymekaar.

11.2.4 Funksionering van Tydelike Kommissies

11.2.4.1 Sodra 'n tydelike kommissie 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte vorm en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.

11.2.4.2 Die verslae van tydelike kommissies kry dieselfde nommer as die verslag van die "permanente" kommissie, met 'n C vooraan, byvoorbeeld C.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit C.4.1, C.4.2 ens.

11.2.4.3 Tydelike kommissies moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit wat deur die sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die Handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.

11.3 ANDER KOMMISSIES

11.3.1 Fasiliteringspan

Leier: Frederick Marais.
Fasiliteerders: Nico Simpson, Giel Roux, Theo Marais, Herman Carelsen, Nelis van Rensburg, Heinrich Theunissen, Barnard Steyn en Nog Een.
Tafelleiers: sien 2e verslag.

11.3.2 Luisterspan

Jan Woest en Heinrich Theunissen.

11.3.3 Berading

Willem Nicol en Pierre Goosen – per afspraak

11.3.4 Gebedspan
Smuts van Rensburg reël plaaslik met gemeentelede.

12. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE

VRYDAG 8 OKTOBER 2004
Ontwerpspan vergader en beplan

SATERDAG 9 OKTOBER 2004
Ontwerpspan vergader en beplan
Uitstallers maak gereed
Notulespan berei voor
Steunspan tref logistiese reëlings
Tydelike Regskommissie vergader vanaf 11:00

SONDAG 10 OKTOBER 2004
14:00 Registrasie in Dolfynsaal (tot 18:00)
18:00 AANDETE
19:30 Liturgiese Opening in Walvissaal
20:30 Konstituering en reëlings
22:00 Aandgodsdiens

MAANDAG 11 OKTOBER 2004
TEMA: *Verbintenis aan God*
06:30 ONTBYT
08:00 Liturgiese Dagwyding
09:00 Spreker: *prof Elna Mouton*
Tafelbespreking
10:30 Verversings
11:00 Verslag ASK (struktuur, kommunikasie)
Besluitneming
13:00 MIDDAGETE
14:00 Parallelle sessies (Predikantsake)
15:30 Verversings
16:00 Parallelle sessies (Gemeentesake)
17:30 Ontspan
18:30 AANDETE
19:30 AKLAS: Skrifgebruik en Skrifgesag
Besluitneming
21:30 Luisterspan/Aandgodsdiens
22:00 Tydelike Kommissies

DINSDAG 12 OKTOBER 2004
Tema: *Verbintenis aan Afrika en ons lande*
06:30 ONTBYT
08:00 Liturgiese Dagwyding
09:00 Spreker: *rev Vumi Dandala*
Tafelgesprekke
10:30 Verversings
11:00 MIV/Vigs
Besluitneming
13:00 MIDDAGETE
14:00 Parallelle sessies (Kommissieverslae)
15:30 Verversings
16:00 Besluitneming
17:30 Ontspan
18:30 AANDETE
19:30 AKLAS: Homoseksualiteit
21:00 Luisterspan/Aandgodsdiens
21:30 Tydelike Kommissies

WOENSDAG 13 OKTOBER 2004
TEMA: *Verbintenis aan kerkhereniging en ekumene*
06:30 ONTBYT
08:00 Liturgiese Dagwyding
09:00 Sprekers: *Changing South Africa Together*
Aartsbiskop George Daniel (Rooms Katolieke Kerk)
Prof Thias Kgatla (VGKSA)
Prof Russel Botman (SARK)
Tafelgesprekke
10:30 Verversings
11:00 Ekumeniese Groeteboodskappe
Parallelle sessies (Getuienissake)
13:00 MIDDAGETE
14:00 ASK: Kerkhereniging
15:30 Nagmaal
16:00 Verversings
16:30 Besluitneming
Luisterspan/Aandgodsdiens
18:00 Ontspan
18:30 Vleisbraai en Kuier
20:00 Tydelike Kommissies
Kommissies vir Kommissies

DONDERDAG 14 OKTOBER 2004
TEMA: *Verbintenis aan gemeentes vir genesing van ons lande*
06:30 ONTBYT
08:00 Liturgiese Dagwyding
09:00 Spreker: *prof Malan Nel* (40 min)
Aanbieding: *dr Nelus Niemandt* (20 min)
Tafelgesprekke
10:30 Verversings
11:00 Armoede en Vigs – hoe kan gemeentes betrokke raak? (60 minute)
Gemeente-Dienste-Netwerk (20 min)
Algemene Leraarsbyeenkoms 2005 (20 min)
Vroue in die kerk (20 min)
13:00 MIDDAGETE
14:00 Parallelle sessies (Gemeentesake)
16:00 Verversings
16:30 Besluitneming
Begin met verkiesing van Moderatuur
Verslag: Kommissie vir Kommissies
17:30 Ontspan
18:30 AANDETE
19:30 Besluitneming
(Jeug word voorberei deur fasiliteerders)
21:30 Luisterspan/Aandgodsdiens
22:00 Tydelike Kommissies

VRYDAG 15 OKTOBER 2004
TEMA: *Verbintenis aan ons roeping.*
06:30 ONTBYT
08:00 Liturgiese Dagwyding olv prof Piet Naudé
Ons is 'n 2010-kerk.
09:00 Tafelgesprekke saam jeugdiges
10:30 Verversings
11:00 *NG Kerk se roeping 2005-2010*
13:00 MIDDAGETE
14:00 Sinodes vergader apart (saam met jeug)
15:30 Verversings
16:00 Parallelle sessies (Nuwe Diensgroepe)
17:00 Besluitneming
18:30 AANDETE
19:30 Luisterspan (finale verslag)
20:00 Liturgiese Afsluiting olv Coenie Burger
22:00 Verdaag

SATERDAG 16 OKTOBER 2004

07:00 Ontbyt
08:00 Vertrek
Ontwerpspan evalueer
Notulespan handel werksaamhede af
Jongmense kuier saam

13. OPMERKINGS OOR FUNKSIONERING VAN DIE SINODE

13.1 Uitdeel van stukke, boodskappe en ordelike onderlinge kommunikasie

Die Steunspan sal behulpsaam wees met die uitdeel van stukke, ens. Geen stuk mag uitgedeel of enige opname van die verrigtinge gemaak word sonder die toestemming van die voorsitter nie.

13.2 Sittingsreg met adviserende stem

Aan die predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skribas van permanente kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien, en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, word reg van sitting met adviserende stem verleen wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.

13.3 Sake wat op meer as een plek in die Agenda voorkom

Die Reglement van Orde bepaal (3.3) dat die skriba van die Kommissie vir die Agenda aantekeninge moet maak van sake wat op meer as een plek in die Agenda voorkom en die aantekeninge tot beskikking van die voorsitter van die Algemene Sinode moet stel. Ds J Cassie Carstens gee aandag aan hierdie opdrag.

13.4 In werking stel van besluite

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat □n besluit van die Sinode *in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.* (Handelinge 1994, bl 426)

13.5 Bywoning deur die jeug

Reëlings is getref dat 100 tieners/jongmense die sitting vanaf Vrydagoggend bywoon. Elke sinode staan in vir die kostes van die jeugdiges.

14. ANDER SAKE

14.1 Dagopening

Die kommissie het gereël dat 'n Spiritualiteitspan olv ds Hannes Theron verantwoordelik sal wees vir die daaglikse liturgiese dagopening en -wyding (08:00 – 09:00). Afgevaardigdes word versoek om betyds hulle plekke in te neem sodat die verrigtinge stiptelik en sonder enige steurnis kan begin.

14.2 Groeteboodskappe

1. Verteenwoordigers van die volgende kerke/ekumeniese liggame is uitgenooi om op 'n geskikte tyd tydens die Algemene Sinode (Dinsdag en Woensdag) mondelinge groeteboodskappe oor te dra:
Verenigende Geref Kerk in Suider-Afrika, Reformed Church in Africa, Ned Geref Kerk in Afrika, Ned Herv Kerk in Afrika, Geref Kerke in Suid-Afrika, Gereformeerde Ekumeniese Raad, Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

2. Die volgende kerke is genooi om skriftelike groeteboodskappe te stuur wat in die lêers van afgevaardigdes en in die Handelinge opgeneem word:

Kerke in die binneland

Afrikaanse Protestantse Kerk, Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, Church of England in South Africa, Church of the Province of Southern Africa, Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika, Methodist Church of Southern Africa, Presbyterian Church of Southern Africa, Reformed, Presbyterian Church in Southern Africa, South African Catholic Bishops' Conference

Kerke in die buiteland

Christian Reformed Church in North America, Reformed Church in Japan, Nederlandse Hervormde Kerk, Nuwe Protestantse Kerk in Nederland, Evangelische Kirche Deutschland, Lesotho Evangelical Church, Reformed Church in America, Christian Reformed Churches of Australia, Reformed Church of East Africa

14.3 Waarnemers

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat een waarnemer elk van die Verenigende Geref Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa, die Ned Geref Kerk in Afrika, die Ned Herv Kerk van Afrika en die Geref Kerke in Suid-Afrika uitgenooi word om die sitting van die Algemene Sinode by te woon; hulle moet egter hul eie reiskoste dra.

14.4 Spreekbeurte

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat, afgesien van die oordra van groeteboodskappe in 14.2 genoem, spreekbeurte vir persone van buite tydens die sitting tot die minimum beperk word, dog oorgelaat word aan die diskresie van die Moderatuur.

15. AFSLUITING VAN SINODE

Die afsluiting van die sinode word bepaal vir nie later nie as **22:00** op **Vrydagaand 15 Oktober 2004. Afgevaardigdes moet asseblief hulle reisreëlings so tref (vir Saterdag 16 Oktober) dat hulle die sitting enduit kan bywoon.**

16. AANBEVELING: REËLINGS SINODE - die Algemene Sinode keur al die reëlings in punte 1-15 goed.

B. BESKRYWINGSPUNTE

B.1.1 BELHAR EN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE NUWE HERENIGDE KERK

B.3.1 BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE OM SAKRAMENTE TE BEDIEN

B.4.1 BEGROTING NUWE STRUKTUUR

B.5.1 NUWE EIETYDSE RELEVANTE BELYDENISSKRIF

B.5.2 KULTURELE GLOBALISERING

B.6.1 LOCUS STANDI VAN DIE ASK

B.6.2 ARTIKEL 9

B.6.3 ARTIKELS 23, 63 EN 64

B.6.4 ARTIKELS 26 EN 27

B.6.5 ARTIKEL 44.1.2

B.6.6 REGLEMENT TENTMAKERBEDIENING

B.6.7 GEMEENTES IN ASSOSIASIEVERBAND MET DIE NG KERK

B.1 ALGEMEEN EN EKUMENIES

B.1.1 BELHAR EN DIE BELYDENISGROND-SLAG VAN DIE NUWE HERENIGDE KERK

(Moderamen Wes-en-Suid-Kaap)
Sien Agendaboek 3 (Laatstuk).

B.2 DIENSGETUIENIS

Geen

B.3 GEMEENTE-EN-BEDIENINGE

B.3.1 BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE OM SAKRAMENTE TE BEDIEN

(Sinode Noord-Transvaal 2003)
Die Algemene Sinode besluit dat 'n proponent, wanneer 'n plaaslike gemeente die proponent daartoe uitnooi, die sakramente onder toesig binne die betrokke gemeente mag bedien.
Motivering: (Agenda 2003, bl 96, pt 4.3.2)
1. Belangrik is om kennis te neem van die besluit van die Algemene Sinode Oktober 1998 rakende die bediening van sakramente deur proponente (AKLAS 1.7: Bediening van Sakramente deur proponente). By hierdie besluit is daar geargumenteer dat 'n proponent nog nie die *volle bevoegdhede* van 'n leraar het nie, wat dan ook die rede is waarom 'n proponent nie die sakramente mag bedien nie.
2. In aansluiting by die Kerkorde word daarop gewys dat 'n proponent net die funksies van die Kerkorde 9.1, 9.3, 9.4, 9.5 en 9.6 op uitnodiging van 'n kerkraad mag verrig. By punt 1.7.2 (van die verslag) word daarop gewys dat die Algemene Sinode bevestig dat daar nie méér waarde aan die bediening van die sakramente bo die bediening van die Woord toegeken mag word nie. By besluit 1.7.3 (van die verslag) word daar egter tog genoem dat die Algemene Sinode daarop wys dat die verkondiging van die Woord deur proponente (wat nog nie in die amp van leraar in 'n plaaslike gemeente bevestig is nie) nie as amptelike bediening van die Woord beskou moet word nie. (*Daar moet rekening gehou word daarmee dat die Woordverkondiging deur 'n proponent in die plaaslike gemeente streng gesproke nog nie die karakter dra van amptelike verkondiging van die Woord nie. Dit geskied weliswaar onder toesig van en met goedkeuring van die kerkraad, maar aangesien die proponent nog nie in die amp bevestig en aan 'n plaaslike gemeente gekoppel is nie, dra die verkondiging nog wesenlik die karakter van 'n stigtelike rede. Die proponent is nog net in en deur die kerkverband gelegitimeer en beskikbaar gestel om in 'n plaaslike gemeente te kan dien, maar is nog nie aan 'n gemeente verbind deur ordening nie* - aanhaling uit die studiestuk van AKLAS).
3. As verdere argument waarom proponente nie die sakramente mag bedien nie word 'n verdere argument gebruik deur daarop te wys dat geen van die Gereformeerde kerke met wie die Ned Geref Kerk in noue ekumenies verhouding is proponente toelaat om sakramente te bedien nie.
4. Terwille van die praktyk probleme argument (*dat daar deesdae heelwat proponente is wat vir korter of langer periodes in proponentsposte in gemeentes werksaam is sonder dat hulle die bevoegdheid het om die sakramente te mag bedien, veral waar hulle alleen en in afgeleë gebiede werksaam is*), doen die Algemene Sinode aan die hand: *Dat waar gemeentes vir 'n langer termyn van die dienste van 'n proponent as pastorale hulp gebruik maak, aanbeveel word dat hulle eerder die instelling van tentmakerbediening moet oorweeg.*
5. In die studiestuk word daar gewerk met die argument dat daar twee soorte ampsbevoegdheid is, naamlik “gedeeltelike” ampbevoegdheid soos by proponente en “volle” ampsbevoegdheid soos by predikante wat verkry word deurdat 'n predikant in die amp bevestig word (ampsbediening).
6. Uit die studiestukke van die Regskommissie van die Algemene Sinode 2002, rakende die ampsbevoegdheid (2.3 DIE INHOUD VAN AMPSBEVOEGDHEID), 4.1 BEVOEGDHEIDSAANGELEENTHEDE, en motivering by 5.6 LITURGIESE GEBARE DEUR PROPONENTE is dit ook nie duidelik of daar wesenlik 'n onderskeid gemaak word tussen “gedeeltelike” ampsbevoegheid en “volle” ampsbevoegdheid wat gekoppel word aan ampsbediening nie. Teen hierdie agtergrond kan die volgende uitspraak van die Regskommissie in sy verslag (4.8. Ampsbevoegdheid) dan ook verstaan word: *Die ARK is van oordeel dat alle predikante wat die diens van 'n gemeente of kerkverband verlaat (hetsy kragtens Art. 12.5.3 hetsy die werksverandering en verplasing van die lewensmaat) in beginsel hulle bevoegdheid as predikant kan verloor en bevoegdheid as proponent verkry.*
7. Die Algemene Sinode Oktober 2002 het egter met sy goedkeuring van die aanbeveling rakende die simboliese gebare by die seëngroet deur proponente (Erediens 2.2.10.1), as motivering gewys op die belangrike onderskeiding tussen *ampsbevoegdheid* en *ampsbediening*. **Ampsbevoeg beteken dat die persoon die vereiste teologiese opleiding deurloop het en deur die kerk by wyse van legitimasie as *ampsbevoeg* verklaar word**. Dit beteken dat so 'n persoon die Bybel selfstandig kan verklaar, 'n preek kan maak en die Woord in die prediking op versoek van 'n kerkraad kan bedien. **Met beroeping en bevestiging in 'n gemeente word so 'n persoon deur die kerk in die *ampsbediening* geplaas**. Wanneer 'n proponent dus gelegitimeer word, word daar op amptelike wyse deur die kerk verklaar dat hierdie persoon oor die bevoegdheid beskik om die amp van leraar te kan beklee (ampsbevoeg). Wanneer 'n proponent deur 'n gemeente beroep word, word die proponent in ampsbediening geplaas en ontvang daarmee die magtiging om in die plaaslike gemeente as leraar te mag optree. Die plasing in ampsbediening bring nie groter bevoegdheid nie,

maar gee aan die proponent 'n bedieningsterrein en ook die magtiging om binne hierdie bedieningsterrein sy/haar ampsbevoegheid te kan uitleef.

8. Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (Agenda 2002) beskryf hierdie onderskeid as volg: Kerklike legitimasie beteken in hierdie gees dus dat die kerk 'n persoon se bevoegdheid (= ampsbevoegdheid) om 'n sodanige hermeneut te wees amptelik erken. Bevestiging in 'n bepaalde werkkring beteken die amptelike kerklike erkenning dat 'n persoon se "**ampsbevoegdheid" nou ook oorgegaan het in "ampsbediening".** So word uitdrukking gegee aan wat tradisioneel met die woord "uitwendige roeping" bedoel is. "Predikantsbediening" of "predikantsamp" dui die funksie aan wat 'n persoon kragtens die kerklike erkenning van sy/haar ampsbevoegdheid en sy/ haar spesifieke ampsbediening beoefen. Erkenning in hierdie verband word deur die Algemene Sinode gereël. Uit die verslag word daar dan verduidelik dat predikantsbediening oor meer as maar net 'n plaaslike gemeente mag wees.

9. Dit is belangrik om daarop te wys dat die woord "bevoeg" veral twee betekenisnuanses het. Dit kan of in **juridiese terme** verstaan word as **geregtig of gemagtig** of dit kan as 'n **vaardigheidsterm** verstaan word as **die vereiste bekwaamheid**.

10. Uit die stukke is dit duidelik dat daar telkens gekies word vir die een woord "ampsbevoeg", maar dat die manier hoe die meerduidige betekenis van die woord vermeng word verskil. Die standpunt van AKLAS en die Regskommissie word daarop gebou dat die twee betekenisse van die woord onderskei moet word en in verskillende situasies verskillend toegepas behoort te word. So word die woord "ampsbevoeg" gebruik om in die geval van proponente by legitimasie te verklaar dat hulle oor die vereiste bekwaamheid (bevoegdheid) beskik om hulle taak te verrig, maar nie gemagtig of geregtig (bevoeg) is om hulle taak uit te kan voer nie. Meer korrek sou wees dat hulle nie gemagtig of geregtig is om hulle volle taak as predikant te kan uitvoer nie. Dit is slegs wanneer die proponent in 'n gemeente bevestig word dat die proponent as leraar die volle reg of magtiging verkry om alle handelinge te kan uit te voer.

11. Die standpunt van die Algemene Erediens-kommissie dui daarop dat beide betekenis nuanses van die woord "bevoeg" nader aan mekaar kom, maar dan in gekwalifiseerde terme. In hulle onderskeiding van die woorde ampsbevoeg en ampsbediening wil die kommissie argumenteer kom die verhouding tussen die persoon van die proponent of leraar en die gemeente meer tot sy reg. Die persoon van die proponent ontvang by legitimasie die verklaring van vereiste bevoegdheid en ook die reg of magtiging om te kan handel, vandaar dat 'n proponent ook deel mag hê aan die gebruik van liturgiese gebare. Wat wel waar is, is dat hierdie reg of magtiging 'n beperking het. Die proponent kan telkens alleen maar handel op uitnodiging en daarom toestemming van die plaaslike gemeente wat die proponent as proponent daarom versoek (Die proponent is nog nie in ampsbediening geplaas nie). Die proponent ontvang nie soos in die geval van 'n leraar, wat bevestig word in die plaaslike gemeente of werkkring, die vrymag en verantwoordelikheid om binne die bestaande raamwerke te kan handel en verantwoordelikheid vir die gemeente te aanvaar nie. 'n Mens sou kon sê dat die verskil daarin lê dat die proponent 'n bevoegde sonder adres is. Dat daar telkens deur 'n gemeente op uitnodiging aan die proponent 'n adres gegee moet word. Die leraar aan die ander kant het 'n adres en ook die magtiging om as leraar in hierdie adres diens te kan verrig.

12. Teen hierdie agtergrond sou 'n mens kon vra of daar enige teologiese redes is waarom 'n proponent nie die sakramente sou mag bedien nie? Dit blyk onwaarskynlik te wees. Die proponent is immers net so 'n geroepene en bekwame persoon soos die predikant. Voor legitimasie word daar immers tog by die keuring seker gemaak van die roeping en die bekwaamheid van die proponent. Die enigste argument waarom die proponent nie die sakramente sou kon bedien nie, sou te doen hê met die goeie orde van die kerk.

13. Vir die goeie orde van die kerk, is die plaaslike kerkraad, saam met die ring en die sinode verantwoordelik. As die gemeente verantwoordelik genoeg geag word om 'n proponent (bevoeg verklaar deur die kerk) uit te nooi om die Woord en beperkte diens in die lig van die Woord te kan bedien en die gemeente word daarmee vertrou dat hulle oor die suiwer verkondiging van die Woord toesig sal hou, kan geargumenteer word dat hulle ook sal kan toesig hou oor die suiwer bediening van die sakramente.

14. Die implikasie hiervan is duidelik dat as 'n gemeente oor die reg beskik om 'n proponent te vra om die erediens te lei en die Woord te bedien, hulle sekerlik ook op grond van die bevoegdheid van die gemeente sowel as die bevoegdheid van die proponent, die proponent kan versoek om onder hulle toesig ook die sakramente te kan bedien. Die proponent ontvang alleen maar die reg of magtiging (bevoegdheid) om in 'n gemeente te kan handel op grond van uitnodiging van daardie plaaslike gemeente.

B.4 FONDSE

B.4.1 BEGROTING NUWE STRUKTUUR

(Sinodale Bestuurskommissie Wes-Transvaal)

Alvorens die Algemene Sinode enige aanbeveling aanvaar of besluite neem in verband met die nuwe struktuur van die Sinode (in al sy fasette), moet daar op tafel 'n begroting wees wat aantoon wat die Sinode in die toekoms met al sy "bedryf, bestuur en projekte" sal kos. Detial is absoluut noodsaaklik . Daar moet duidelik en sonder twyfel in die begroting aangedui word warvandaan die inkomste om die begroting te ontmoet, sal kom.

B.5 LEER EN AKTUELE SAKE

B.5.1 NUWE EIETYDSE RELEVANTE BELYDENISSKRIF

(Sinodale Diensraad Oos-Transvaal)

Die Algemene Sinode neem opnuut die versekering ter harte dat die Heilige Gees die gelowiges in die hele waarheid sal lei (Johannes 16:13). Daarom besluit die Algemene Sinode om op grond van hierdie belofte 'n dringende uitnodiging te rig aan alle Gereformeerde kerke in die RSA om volgens die riglyne van ons belydenisskrifte 'n nuwe eietydse relevante belydenisskrif saam te stel, wat as basis vir 'n breë kerkeenheid kan dien. Vir hierdie doel word Belhar, Barmen en talle meer resente Gereformeerde belydenisskrifte as boumateriaal gebruik.

Motivering:

1. Die Kerk mag nie by reformasie stagneer nie. Nuwe vraagstukke vra nuwe lig.
2. Die relevansie van die Gereformeerde kerke is op die spel.
3. Die Heilige Gees het nie die reformasie emeriteer nie.
4. Voorbeelde van dringende vrae wat die huidige tyd 'n kairos-moment maak is: die ekologiese verantwoordelikheid van gelowiges, strukturele gestaltes van die sonde, die gawes van die Heilige Gees, Skrifhantering, etiese vrae en die tekens van die tye.
5. Dit elimineer 'n skeuring in die NG Kerk as gevolg van 'n keuse vir of teen Belhar.

B.5.2 KULTURELE GLOBALISERING

(Sinode Noord-Transvaal 2003)

1. Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om 'n indringende studie te onderneem oor die implikasies van globalisering in al die dimensies daarvan vir die Suider-Afrikaanse samelewing en die Suider-Afrikaanse kerke en hul lidmate. Aandag moet in die besonder aan die ekonomiese en kulturele dimensies van globalisering gegee word.
2. Die sinode versoek die Algemene Sinode om die voorgestelde studie, sover moontlik, in samewerking met ander kerke in die NG Kerkfamilie te onderneem en om deskundiges uit verskillende vakgebiede by die studie te betrek.
3. Die sinode versoek die Algemene Sinode om betrokke te raak by ekumeniese besinning oor globalisering in Suider-Afrika en in ekumeniese organisasies soos die WBGK en die WRK.

B.6 REGSKOMMISSIE

B.6.1 LOCUS STANDI VAN DIE ASK

(Sinodale Bestuurskommissie Wes-Transvaal)

Die Algemene Sinode besluit dat die prosedure waardeer inwerkingtreding van Artikels 26 en 27 van die Kerkorde vertraag nie weer gevolg behoort te word nie aangesien dit in stryd is met die gees van die Kerkorde deur aan die ASK magte te verleen om die Kerkorde te wysig wat vir Die Algemene Sinode in sitting alleen gereserveer is. (Wat is ASK se magte: in die vorige bedeling en in die voorgestelde nuwe bedeling?).

B.6.2 ARTIKEL 9

(Moderamen Wes- en Suid-Kaapland)

Die Moderatuur van Wes- en Suid-Kaapland versoek die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening om in samewerking met die Algemene Kommissie vir Diensverhoudinge, die Algemene Kommissie vir Predikantebediening en die Algemene Regskommissie om, in die lig van die veranderdende bedieningsbehoeftes in gemeentes en die verstaan van die predikant se rol, Art 9 te hersien.

B.6.3 ARTIKELS 23, 63 EN 64

(Sinodale Bestuurskommissie Wes-Transvaal)

1. Die Algemene Sinode besluit om dringend aandag te gee aan artikels 23, 63 en 64 van die Kerkorde in die lig van artikels 18 en 19 van die Kerkorde met betrekking tot "*gevolmagtigde kommissies*" aan wie bevoegdheid verleen word om as a*ppèlliggame* en *verhoorliggame* op te tree.
2. Die Algemene Sinode besluit oor die vraag: "*Mag kommissies met volmag beklee word en indien wel onder watter omstandighede"*
3. Die Algemene Sinode besluit om artikel 23 van die Kerkorde grondig te hersien veral met betrekking tot die verbod op persone om hulle na burgerlike howe te wend.
4. Die Algemene Sinode besluit om Besluit 23.b.6.6 van die Kerkorde te hersien en die vereiste dat appellante moet instaan vir die koste van appèlle te skrap.
5. Die Algemene Sinode besluit om die Kerkorde te ondersoek en indien nodig so te wysig dat die Algemene Sinode die finale kerklike appèlliggaam sal wees in alle kerklike sake.

Kommentaar:

1. Artikel 18 bepaal dat daar vier Kerkvergadering is nl. Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode. Artikel 19 bepaal dat die opsig oor, die regering van tug in die Kerk word aan hierdie vergaderings toevertrou. In Artikel 31.3 word melding gemaak van "gevolmagtigde kommissies". Hierdie Gevolmagtige kommissie kom dan in die res van die Kerkorde voor.
2. Die regsposisie van die gee van so 'n volmag moet deeglik verreken word. Die Afrikaanse woordeboek gee volmag aan as "die ooreenkoms waarby een persoon aan 'n ander persoon die mag gee om 'n saak in sy naam af te handel." Die probleem is dat die vier kerkvergaderings wat 'n besliste opdrag het om sekere sake te hanteer dit nou doodeenvoudig vir iemand anders gee. Volmag beteken verder dat iemand wat so 'n volmag ontvang die betrokke saak mag afhandel. Vir die eerste keer sê die Kerkorde dat die besluit van "gevolgmagtigde kommisies is bindend". Daar kan wel in appèl gegaan word teen so 'n besluit, maar is die

oorspronklike kerkvergadering bv. die Ring nie meer met die saak gemoeid nie? Is die gee van volmag deur een of al vier die kerkvergaderings nie 'n ontduiking van hulle plig soos bepaal in die Kerkorde nie. Kan dit werklik regsverantwoordelike optredes van so 'n vergadering wees. Word die sinodes se opdrag in Art 18 en Art 19 hiermee geïgnoreer en mag die sinode deur niemand tot verantwoording geroep word nie? Dit skyn onhoudbaar te wees en dan kom Art. 63 en 64 ernstig onder die loep. Dit is ongelooflik dat daar nogla 'n keuse gelaat word ind ie ondersoek of die vergadering self of 'n gevolmagtigde kommissie die ondersoek doen (Art 63.1.1). In Art 63.1.2 word gepraat van 'n Kerkvergadering met tug verantwoordelikheid, en dan volg weer die keuse!! By Art 63.1.1 en 63.1.2 is dit nie duidelik of die aangeklaagde 'n keuse mag uitoefen nie. Indien nie – waarom nie?

3. Art 64 sê tugmaatreëls kan deur die ondersoek liggaam (Kommissie met volmag) toegepas word op dooplidmate, belydende lidmate, ouderlinge en diakens en ook evangelie dienaars – en dit kan selfs skorsing wees en dan ook opskorting van ampsbevoegdheid.

4. Volgens Art 65 kan in appèl gegaan word teen die bevindinge van tugliggame. By besluit 23b.2.2 word weer 'n keuse gegee, ook by 23b.3.1. Dit is nie duidelik of die applikant hierdie keuse kan uitoefen nie. 23b4.2 bepaal dat die sinodale appèlliggaam (nie die sinode nie) se beslissing as finaal. Hierdie word die applikant moontlik benadeel as hy nie sy appèl voor 'n volle sinode kan laat dien nie. Daar is altyd 'n redelike kans dat 'n sinode tot 'n ander bevinding kan kom as 'n appèlliggaam of 'n kommissie.

5. Art. 23.2 wat bepaal dat lidmate, ampsdraers en amptenare van die NG Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend as hulle beswaar het teen 'n Kerkvergadering se besluit voordat hulle nie eers al die kerklike middele tot hulle beskikking uitgeput het nie. (Met Art 18 en 19 in gedagte mag hulle dan wel teen gevolmagtigde kommissies en liggame hulself na die hof wend.?) Daar behoort deeglik na hierdie artikel gekyk te word. Hier word dit as 'n impratief gestel terwyl 'n versoek miskien beter sal wees. Daar is veral twee probleme wat maar te dikwels na vore kom. (Vergelyk die bekende Kellerman saak, die Smith saak en die Theron saak). Die klagstaat kan so vaag en algemeen wees dat die beklaagde geen keuse sal hê om die hof se hulp in te roep nie. Die aageklaagde moet sonder die minste twyfel weet wat hom te laste gelê word alvorens hy homself kan verdedig. Reeds by die ondersoek liggaam (wie dit ookal mag wees) of tydens die werklike ondersoek kom daar nogal soms growwe miskenning van die beklaagde se regte voor. Dit is nie goed wat uit die duim gesuig word nie. In twee sake is tydens ondersoek gesê die aangeklaage is geestelik siek – hy moet op pensioen gaan!! By 'n ander keer is die verskriklike opmerking deur een van die lede van die verhoorliggaam gesê " ons moet van hom ontslae raak". Dit is nie redelik en billik teenoor die beklaagde dat hy moet wag vir die kerklike masjinerie om in beweging te kom nie. Dit is talle kere deur die hof so beslis. Daar sal na hierdie Art gekyk moet word.

6. Besluit 23b.6.6 moet ook na gekyk word. Ons weet die bedoeling is om te keer dat nietige sake op appèl geneem word naamlik "van hom/haar gevorder mag word indien ... so besluit" Die risiko kan nooit geloop word nie. Wie is hierdie appèlliggaam? Hoeveel is hulle? Waarvandaan kom hulle? Hoe kan van die applikant verwag word om vir koste in te staan as hy geen benul het wat die Rand bedrag is nie. Die probleem is erger as dit. In leersake wat by 'n Kerkraad (in geval van 'n lidmaat) kan begin en appèl aangeteken kan word na die Ring en daarvandaan na die Sinode en daarvandaan na die Algemene Sinode kan 'n reuse bedrag wees. Om dit van 'n applikant te verwag om te betaal is nie redelik nie. Benadeling en bevoordeling is ernstige apsekte in enige mosie geding. In die Kerk sluip hierdie twee aspekte baie, baie maklik in. In veral Smith se saak, en ook ander het benadeling en bevoordeling veroorsaak dat 'n uitspraak in die guns van die aansoeker voor die hof gegee is.

B.6.4 ARTIKELS 26 EN 27

(Sinode Noord-Transvaal 2003)

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die ASK om as deel van sy omvattende ondersoek na die ampte ook te kyk na die invloed van verkleinde kerkrade met betrekking tot die ampsbegrip soos verwoord in die Nederlandse Geloofsbelydenis.

B.6.5 ARTIKEL 44.1.2

(Sinodale Bestuurskommissie Wes-Transvaal)

Die Algemene Sinode gee 'n duidelike en ondubbelsinnige interpretasie van Artikel 44.1, 2 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2002. Die vrae wat beantwoord moet word is die volgende:

1. Wat is die regsposisie as een Sinode nie ten gunste van 'n belydeniswysiging stem nie? Kan een Sinode keer dat 'n belydenisverandering wel plaasvind? Of verder: Kan een Sinode wat nie 'n twee-derde meerderheid vir 'n belydeniswysiging gekry het nie, deur 'n besluit van die Algemene Sinode gedwing word om so 'n gewysigde belydenis te aanvaar?
2. Moet elke gemeente in die kerkverband getoets word t.o.v. 'n wysiging van die Belydenis en moet in hierdie gemeentes ook 'n twee-derde meerderheid verkry word? Bestaan hierdie toetsing deur die aanvaarding al dan nie van twee-derdes van die kerkraadslede, of deur die aanvaarding van twee-derdes van die individuele lidmate?
3. Indien 'n gemeente nie saamstem met die veranderde belydenis nie, wat is dan so 'n gemeente se regsposisie?

4. Wat is die posisie van 'n leraar wat hom/haar bevind in 'n gemeente wat nie die belydenisverandering aanvaar nie?
5. Wat is tans die regsposisie t.o.v. die uitspraak van Hoofregter Kotzé in die saak van Standerton in die vorige eeu? Bly een oorblywende gemeentelid wat nie met 'n gewysigde belydenis saamstem nie, die “eienaar” van die bates en laste van die gemeente?
6. Hoe raak belydenisverandering en kerkvereniging die eiendom, bates en laste van die gemeente? Hoe word die eiendom, bates en laste van die Sinode geraak?
7. Indien daar 'n belydenisverandering goedgekeur word, moet Artikel 1 van die Kerkorde ook gewysig word volgens die beginsel vasgelê in Artikel 44.1, 2?
8. Kan die Algemene Sinode oor die kwessie van belydenisverandering enigsins iets besluit by hulle huidige vergadering, anders as om die aangeleentheid na die Sinodes te verwys met die versoek dat hulle dit moet toets (Art. 44.1, 2)? Eers daarna kan die Algemene Sinode oor die aangeleentheid besin.

B.6.6 REGLEMENT TENTMAKERBEDIENING
(Sinode Natal 2003)
Die Sinode van Natal versoek die Algemene Sinode om punt 4.8.2 van die Reglement vir Tentmakerbediening te wysig sodat tentmakers by hulle eggenote(s) se mediesefonds, by 'n ander werkgewer mag inskakel, indien so versoek word.

B.6.7 GEMEENTES IN ASSOSIASIEVERBAND MET DIE NG KERK
(Moderamen Wes-en-Suid-Kaap)
Sien Agendaboek 3 (Laatstuk)